

## HOOFSTUK 1

### PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODE EN PROGRAM VAN ONDERSOEK

#### 1. ORIËTERING

##### 1.1 Inleiding

Die Christenopvoeder en -opvoedkundige neem in die besonder kennis van die volgende uitsprake in die Woord van God: "En God het die mens geskape na Sy beeld .....; wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip" (Génesis 1:27, 28); "En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë ..." (Matthéüs 25:15). Hieruit blyk dit dus dat God alle mense ooreenkomstig hul geskapeheid na Sy beeld as gelykwaardig ag, maar dat elke mens afsonderlik toegerus is vir die uitvoering van die skeppingsopdrag.

Vir hierdie individuele verskille moet daar gedifferensieerde onderwysvoorsiening gemaak word. Op hierdie wyse vorm die ontwikkeling en implementering van 'n gedifferensieerde onderwysstelsel deel van die mens se Goddelike opdrag. Die onderwys moet verder op 'n kontinue basis deur mikro- en makro-onderwysbeplanning tred hou met die mannekragbehoefte van die land en die eise wat die ekonomiese ontwikkeling stel. Die taak van die onderwys is egter nie in die eerste plek om leerlinge vir bepaalde beroepe op te lei of om hulle voor te berei vir tersiêre onderwys nie, maar om die hele mens tot volle ontplooiing van sy persoonlikheid en aanvaarding van sy roeping in die Koninkryk van God te bring.

Die nasionale beleid van gedifferensieerde onderwys, wat op 12 November 1971 per Goewermentskennisgewing R2029 deur die Minister van Nasionale Opvoeding in die staatskoerant afgekondig is, is vanaf 1 Januarie 1972 in die Transvaal en 1 Januarie 1973 in die ander provinsies geïmplementeer. Die eerste groep leerlinge, wat hierdie "nuwe" stelsel gevolg het,

het st. 10 aan die einde van 1975 in Transvaal voltooi, terwyl leerlinge in ander provinsies hulle eerste gedifferensieerde st. 10-eksamen 'n jaar later afgelê het. Die hoofde van skole het daarom reeds op hierdie stadium 'n goeie beeld van die voor- en nadele (probleme) wat die implementering van hierdie stelsel in die praktyk openbaar. Die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting, wat vanaf 1964 die grondslae vir die nasionale stelsel ondersoek het, dui die belangrikheid van navorsing in hierdie verband soos volg aan: "Die Komitee is van sienswyse dat die toepassing van die nuwe stelsel in die praktyk geleidelik sal moet geskied, en dat probleme en leemtes wat aan die lig kom, deur verdere navorsing opgelos moet word" (RGN-verslag, 1970, p. 214).

Die aktualiteit van hierdie studie word deur laasgenoemde stelling bevestig.

## 1.2 Probleemstelling

Op grond van voorgaande kan onder andere die volgende probleemstellings gepostuleer word:

- a. op watter wyses is daar in die dekades van die twintigste eeu gepoog om onderwys gedifferensieerd aan te bied?;
- b. watter aanpassings en beklemtonings word deur die onderskeie provinsies in die implementering van die nasionale beleid van gedifferensieerde onderwys gemaak?;
- c. watter implikasies het die nasionale beleid van gedifferensieerde onderwys vir die primêre skool?;
- d. op watter wyses word daar in die primêre skool vir individuele verskille voorsiening gemaak?;
- e. is daar spesifieke probleme in die implementering van die nuwe gedif=

ferensieerde onderwysstelsel in die sekondêre skole?; en

- f. watter voordele kom daar in die praktyk van hierdie onderwysstelsel voor?

### 1.3 Doel van die ondersoek

Die doel van hierdie ondersoek is om vas te stel:

- a. op watter wyse leerlinge in die primêre skool in klasgroepe binne 'n bepaalde standaard ingedeel word;
- b. in watter mate vakonderwys in die primêre skool geïmplementeer word;
- c. watter rol Voorligting in die primêre skool vervul;
- d. hoe daar vir buitengewone leerlinge in die praktyk voorsiening gemaak word;
- e. watter omvang die gelyktydige aanbieding van Standaard- en Hoër Graadvakke in dieselfde lokaal aanneem en of dit doeltreffend kan geskied;
- f. watter waardes en/of tekortkominge reeds na vore gekom het in die implementering van die Praktiese kursus; en
- g. watter rol Voorligting, as die hoeksteen van die effektiewe toepassing van 'n gedifferensieerde onderwysstelsel, in die sekondêre skool vervul.

### SAMEVATTEND

Met hierdie studie word beoog om op 'n wetenskaplik geverifieerde wyse die belangrikste waardes en/of probleme wat tot op hierdie stadium in die praktyk van gedifferensieerde onderwys na vore gekom het, te ondersoek en aanbevelings in die verband te maak.

#### 1.4 Metode van ondersoek

In hierdie studie word gebruik gemaak van die beskrywende metode. Aspekte rakende die ontwikkeling van gedifferensieerde onderwys in Suid-Afrika, sowel as die grondslae en tegnieke van gedifferensieerde onderwys word uit ter sake literatuur bestudeer.

Die empiriese ondersoek het ten doel om die praktyk van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel te ontleed. Vraelyste is aan primêre en sekondêre skole in die Oranje-Vrystaat gestuur (kyk par. 8.3).

#### 1.5 Program van ondersoek

In voorgaande is bepaalde probleemstellings geformuleer en die doelstellings en metode van die studie uiteengesit. In hoofstuk 2 sal die grondslae en tegnieke vir gedifferensieerde onderwys bespreek word.

Die oorsake en omvang van individuele verskille, sowel as die rol daarvan in die opvoedkundige voorligtingsituasie sal in hoofstuk 3 aandag geniet.

In hoofstuk 4 sal die opvoedkundige voorsiening vir individuele verskille vanaf 1925 tot einde 1971 bespreek word.

Die nasionale beleid van gedifferensieerde onderwys, sowel as die provinsiale toepassings van die beleid, sal in breë trekke in hoofstuk 5 bespreek word.

Onderwysvoorsiening vir buitengewone leerlinge in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys sal in hoofstuk 6 uiteengesit word.

Die plek van Voorligting in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys sal in hoofstuk 7 bespreek word.

In hoofstuk 8 sal die volgende aspekte van die empiriese ondersoek uiteengesit word: die keuse van die vraelys as ondersoekmiddel, respon-

dente, samestelling en toepassing van die vraelys.

In hoofstukke 9 en 10 sal vraelysresponse met betrekking tot die praktyk van gedifferensieerde onderwys in primêre en sekondêre skole in die Oranje-Vrystaat aangebied en bespreek word.

Gevolgtrekkings en aanbevelings sal in hoofstuk 11 saamgevat word.